PRETORIA

Die jaar 1987 het vir die Pretoriase Balie op 'n deurmekaar noot begin. Die Balie het naamlik verhuis vanaf die NEDBANK-GEBOU in Andriesstraat na die nuwe MOMENTUM-GEBOU in Pretoriusstraat. Die puik fasiliteite waaroor die Balie en sy lede tans beskik, het die trauma van die trek egter dubbel en dwars die moeite werd gemaak. Ofskoon die nuwe gebou aansienlik verder is vanaf die howe as die vorige gebou, is hierdie probleem egter grootliks verlig deurdat baie van die lede gebruik maak van 'n busdiens wat spesiaal daargestel is om lede en kliënte na en van die Howe te vervoer.

Die Balie het tans 147 lede.

Vir die jaar 1987/88 het die Balieraad bestaan uit: I W B de Villiers, SC (Voorsitter), C Botha, SC, J D M Swart, SC, B R du Plessis, SC, R D Claassen, J W Louw en P Ginsberg.

Gedurende 1987 is senior status aan die volgende lede verleen:
P le R van Wyk, SC, T Grobbelaar, SC, J H Hugo, SC, B R du Plessis, SC en J C van der Walt, SC.

Gedurende 1987 is Regter E Goldstein vanuit hierdie Balie tot die Regbank verhef en het die volgende lede van tyd tot tyd as regters waargeneem:

C Botha, SC, B R du Plessis, SC, J H Hugo, SC, J C H Jansen SC, S.J. Mynhardt, SC, F C L Roos, SC, J L van der Merwe, SC en J C van der Walt, SC.

Vanaf 1 Februarie 1988 het die volgende lede as regters waargeneem:

M M Joffe, SC and B R Southwood, SC.

Gedurende die November-eksamen het die volgende kandidate hul pupilskap suksesvol voltooi:
G W Alberts, W P de Waal, P Ellis, A A Louw, D D Mosupye, W G E Nisbet, T A L L Potgieter, J L M Snijman en J P Vorster.

Seminare

Gedurende Mei en Junie 1987 het die Pretoriase Balie 'n reeks van vier seminare vir hofverslaggewers aangebied.

Die seminare is bygewoon deur verteenwoordigers van al die toonaangewende plaaslike media en het groot byval gevind.

Onderwerpe wat aandag geniet het in sowel die lesings as die paneelbesprekings was onder andere die struktuur van die howe in Suid-Afrika, siviele gedingvoering, etiese aspekte en strafverrigtinge.

Sport

'n Span van 6 hardlopers van die Pretoriase Balie het in 1987 weer aan die Liberty Life-bestuursaflos in Johannesburg deelgeneem maar kon nie die prestasie van 1986 herhaal nie – toe het hulle met 'n tyd van 2 uur 49 minute en 29 sekondes oor die afstand van 42,2 km die wisseltrofee in die Regsafdeling gebuit.

Die jaarlikse sportdag tussen prokureurs en advokate het op 29 Januarie 1988 plaasgevind. Die advokate, aangevul uit die geledere van die Regbank, het 'n krieketspan, 'n tennisspan van 8, 'n hardloopspan van 16 (insluitende 4 dames), 'n muurbalspan van 4 spelers en twee sokkerspanne in die veld gestoot. Net die krieketspan kon danksy die kolfwerk van die voormalige Noord-Transvaalse krieketkaptein, Alan Jordaan, oor die prokureurs seëvier. Die verrigtinge is met 'n gesellige skaapbraai afgesluit.



T Grobbelaar, SC



J H Hugo, SC



B R du Plessis, SC

KAAPSTAD

Die Kaapse Balie het aan die begin van Desember 1987 8 nuwe lede bygekry: Kathy Alexander, Gerrie de Kock, Anton Kruger, Mark Lorry, Andrew Marais (seun van Marais R) Kosie Olivier, John Tee en Uys van der Hoven.

Dit lyk of die volgende inname heelwat groter sal wees, want meer as 20 aansoeke van voornemende pupille is reeds ontvang. Dit is 'n rekordgetal. In die laaste helfte van 1986 was daar 10 pupille, van wie 8 geslaag en begin praktiseer het. In die eerste helfte van 1987 was daar 9, van wie 7 geslaag en 6 begin praktiseer het en in die laaste helfte van verlede jaar was daar 8, wat almal geslaag en begin praktiseer het.

Onder die jongste groep aspirant-advokate is Peter Corbett, seun van die Appèlregter.

Drie lede het die Balie onlangs verlaat nl. E S Becker, L M Malan en D Yutar.

In die eerste termyn van 1988 sal Foxcroft, SC, en Seligson, SC as regters waarneem.



J Immerman, SC



G A Kuhn, SC

The ranks of senior counsel at the Cape Bar have been increased by two, with Jeffrey Immerman and Gerhardus Kuhn elevated to silk by the State President during October 1987.